

OLIESADE-OORSIG

Wêreldkanolaproduksie verkeer onder druk

– 12 Oktober 2012

DIRK STRYDOM, SA GRAAN/GRAIN MEDEWERKER

In Kanada is die kanola-opbrengste vir die huidige seisoen laer as verwag; die opbrengs is selfs laer as die vyf jaar gemiddeld.

Die produksieverwagting is op 12 Oktober 13,8 miljoen ton, teenoor die vorige produksieseisoen se 14,5 miljoen ton (**Tabel 1**). Die verwagte opbrengs is ook op 'n relatiewe lae vlak van 1,59 ton/ha. Hierdie daling is grootliks te wyte aan droogtetoestande en insekbeskadiging.

Kanadese kanola het reeds in 'n bulfase begin inbeweeg as gevolg van die daling in produksie. Op 9 Oktober was die prys van Kanadese kanola vir aflewering in November, op $610/ton en die verwagting is dat dit in die volgende paar weke nog kan styg.

Sojaboonpryse het afwaartse druk ervaar, hoofsaaklik as gevolg van tekens dat die VSA oes groter gaan wees as verwag. Die oeskondisies en opbrengste het baie verbeter, soveel so dat dit die grootste opwaartse aanpassing van die VSA oesskattings gaan wees in sewe jaar (September tot Oktober). Die prysterugslag in September is ook vergroot deur 'n enorme likwidering van lang posisies, alhoewel die netto posisies steeds lank is (**Grafiek 1**).


Nietemin, selfs met 'n hoër as verwagte VSA sojaboonoes, sal dit steeds uitdagend wees om die wêreldvraag te bevredig vir die tydperk vanaf Oktober 2012 tot Februarie 2013. Die VSA uitvoere en uitvoerverkope bly steeds hoog, wat aandui dat daar 'n sterk wêreldvraag na sojabone is.

Oormatige vog in dele van Argentinië en die suide van Brasilië asook droogte in die noorde van Brasilië is tans 'n struikelblok vir die plant van oliesade. Alhoewel dit nog vroeg in die seisoen is, is daar kanse vir regstellings. Dit gaan dus belangrik wees om die weerstoestande dop te hou, want in die volgende paar maande gaan pryse baie afhanklik van die weerstoestande wees.


Plaaslike vraag en aanbod van oliesade

Die Oeskattingskomitee het die finale oeskattings op dieselfde vlakke gehou as die sewende skatting vir grondbone, sojabone en sonneblom. Kanola was ook onveranderd vir die tweede skatting. Sojabone kom te staan op 646 950 ton, grondbone is op 60 290 ton en sonneblom is op 'n vlak van 527 110 ton. Die grootste verandering was egter vir mielies gewees, waar die finale skatting opwaarts aangepas is vanaf 11 191 950 ton tot 11 494 650 ton. Die styging in die oeskatting vanaf die sesde skatting het teweeggebring dat mielieprys in 'n dalende fase in beweeg het. Tesame met die oesskattings, is hoë leweringsyfers ook tydens Augustus en September in Suid-Afrika beleef en het die VSA boonop vinniger as normaalweg geoes.

Tans word die kommoditeitspryse baie deur die wisselkoers ondersteun wat as gevolg van ekonomiese druk drasties verswak het. Die stakings in die land lei tot groot ekonomiese verliese en buitelandse investeerders wat onttrek. Dit het 'n invloed op die randwaarde en dus die verswakking in die rand. Die wisselkoers is tans baie volatiel en met Desember se Mangaung-konferensie, kan die volatiliteit van die wisselkoers net verhoog.



Grafiek 1: Randfontein sojaboonpryse.
Bron: Graan SA



Grafiek 2: Kanolapryse plaaslik en internasionaal.
Bron: Graan SA



TABEL 1: KANADA SE KANOLA VRAAG EN AANBOD (MILJOEN TON).

	2012/2013*	2011/2012	2010/2011
Openingsvoorraad	**0,79**	**2,2**	**2,69**
Produksie	**13,8**	**14,49**	**13,1**
Invoere	**0,2**	**0,1**	**0,21**
Uitvoere	7	8,7	7,2
Pers	*6,75*	*7*	*6,31*
Ander verbruik	*0,3*	*0,3*	*0,29*
Eindvoorraad	**0,74**	**0,79**	**2,2**

* Projeksie
Bron: Oilworld

TABEL 2: VSA SE SOJABOON VRAAG EN AANBOD (MILJOEN TON).

	2012/2013*	2011/2012	2010/2011
Openingsvoorraad	**4,61**	**5,85**	**4,11**
Produksie	**77,84**	**84,19**	**90,16**
Invoere	**0,76**	**0,46**	**0,42**
Uitvoere	33,5	37,09	40,87
Pers	43,3	46,43	44,85
Ander verbruik	*2,82*	*2,37*	*3,56*
Eindvoorraad	**3,6**	**4,61**	**5,85**
Eindvoorraad/verbruik	4,5%	5,4%	6,6%

* Projeksie
Bron: Oilworld

TABEL 3: SUID-AFRIKA SE KANOLA VRAAG EN AANBOD.

Bemarkingsjaar	2012/2013* ('000 ton)
Aanbod	
Beginvoorraad (1 Oktober)	7
Produksie	66
Invoere/Imports	0
Totale aanbod	**73**
Vraag	
Kommersiële verbruik	
Veevoer	2
Gepers vir olie en koek	59
Plaas (onverklaarde verbruik)	0
Totaal Suid-Afrikaanse verbruik	61
Uitvoere	0
Totale vraag	**61**
Eindvoorraad (31 September)	**12**
Benodigde pyplyn (45 dae)	15
Surplus bo pyplyn	**-3**
Eindvoorrade as % van Suid-Afrikaanse verbruik	**19,89%**

* Projeksies
Bron: Graan SA

In terme van oliesaadpryse het die sojaboon- en sonneblompryse relatief op die internasionale mark gevolg. Tans is alle oë op die Suid-Amerikaanse mark gevestig. Die probleem met dié mark is dat sou hul goeie oeste lewer, hul steeds met logistieke probleme gaan sukkel en dit kan veroorsaak dat die kommoditeite nie tydig by die verbruikers gaan uitkom nie.

In terme van kanola is die tweede oesskatting 66 135 ton. Volgens Graan SA se verwagte vraag en aanbod-tabelle dra dit by tot 'n totale aanbod van 73 000 ton. Die vraag is 'n totaal van 61 000 ton; dit beteken daar is 'n eindvoorraad van 12 000 ton. Daar word 15 000 ton pyplyn benodig wat beteken dat daar 'n 3 000 ton tekort op die balans is. Die prys van kanola was op 9 Oktober R4 550/ton. Gegewe die internasionale prysstygings en die feit dat pryse onder uitvoerpariteit is, kan daar moontlik prysstygings plaasvind in kanola (**Grafiek 2**).

In die volgende maande kan ons baie volatiele pryse in oliesade verwag weens verskeie faktore:

- Die Suid-Amerikaanse asook die Suid-Afrikaanse weer gaan 'n groot rol speel.
- Die Suid-Afrikaanse wisselkoers gaan 'n groot impak hê op beide die invoer- en uitvoerpariteit. Ons gaan ook in Suid-Afrika begin plant en die aanplantings gaan weer 'n aanduiding van ons aanbod gee.

Die faktore sal baie noukeurig deur produsente gemonitor moet word, om meer ingeligte bemarkingsbesluite in die komende maande te neem. ■

Hierdie Oliesade-oorsig word moontlik gemaak deur die Olie- en Proteïensade Ontwikkelingstrust.